# SENDINGPROBLEME OPNUUT BEKYK

Dr. P. Verster
(Redakteur)

# DIE KERKVERBAND AS LEWE WAT CHRISTUS GEE

DR. R.M. BRITZ[1]

## 1. INLEIDING

As die sending van die Ned. Geref. Kerk vandag weer aandring om sake soos die aanknopingspunt, die Heerskap van Christus, die aktualiteit van sy belydenis en prediking van die Woord, die gemeente en sy bediening te verantwoord, is die kerkverband uit die aard van die saak óók daarby inbegrepe. Dan is dit dadelik 'n vraag of die huidige strukturering in terme van kerkverbande, soos dit hom in die tradisie van die Ned. Geref. Kerk aangekondig het, genoegsaam in die diens van die evangelie staan dat dit geen probleme skep nie? Of, moet daar 'n aanpassing kom? As heidene wat christene geword het vir die eerste keer met die kerkverband kennis maak, wat is hulle indruk? Watter persepsies word daardeur oorgedra? Erken hulle daarin die een heilige, algemene, christelike Kerk? Kan hulle dit in verband met die Bybel bring? Of, bring dit hulle in aanraking met oorhoofse kerklike vergaderings, administrasie en kerkregtelike regulering? Het die hele saak met ander woorde in strukture waarvan die jong christene weinig verstaan, gestol? Wat van die talle praktiese situasies wat nie deur bestaande reglemente, bepalinge en ooreenkomste ondervang is nie?

Die onderhawige referaat is 'n poging om, in die lig van hierdie en dergelyke vrae, iets oor die kerkverband na sy Skriftuurlike aard te sê. Omdat dit hierin spesifiek om die Ned. Geref. Kerk gaan, word eers stilgestaan by die wyse waarop hierdie kerk die verband van kerke ekklesiologies inklee en organiseer. Dit is uiteraard oorgedra aan die kerke wat uit sy sending na vore gekom het, en daarom volg enkele aantekeninge in hierdie verband. Dit word gedoen met verwysing na die teologiese en praktiese problematiek eie aan hierdie kerkregtelike en kerkhistoriese ontwikkeling. Moet daar dus herbesin word oor die kerkverband? En, hoe moet dit gedoen word? Deur laastens te wys op die christologiese aard van die kerkverband, word die rigting aangedui waarin 'n mens jou denke moet laat gaan as dit by 'n herbesinning oor en verantwoording van die kerkverband kom.

---

1 Dr. R.M. Britz, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.



## 2. DIE EKKLESIOLOGIESE VERSTAAN VAN DIE KERKVERBAND BY DIE NED GEREF KERK

Klaarblyklik word by die Ned. Geref. Kerk baie waarde aan die kerkverband geheg. Dit word feitlik sonder uitsondering met die kerkvergaderings aan die een kant, en die werksaamhede van hierdie vergaderings aan die ander kant in verband gebring.

Eers 'n paar opmerkinge oor die assosiasie kerkverband-kerkvergaderings. Die vergaderings, en die vergaderings se kommissies word as die organe van die kerkverband gesien. Daarom word die kerkverband eintlik geassosieer met die Ringe en veral die Sinodes. Trouens, dit het gangbaar geword om in 'n kerklike sin te onderskei tussen gemeentelike, rings- en sinodale vlak. Hoewel die relasie nie hiërargies opgevat word nie, staan die verskillende "vlakke" tog struktuurmatig in terme van "mindere" en "meerdere" vergaderinge in 'n verhouding met mekaar. Kerkregtelik word veel gemaak van die bevoegdhede en gesag van die onderskeie vergaderinge. Dit is deeglik uitgeskryf in soveel reglemente en bepalinge, wat as gesaghebbende aanvullinge by die aanvaarde Kerkorde gevoeg is. Die vergadering, en besluite van met name die Sinodes, vergestalt vir baie die hoogtepunt van die kerklike lewe. Dáár val die groot beslissings, en dáár kom die Kerk in sy geheel aan die woord. Dáár word die koers bepaal, en standpunte ingeneem.

Terselfdertyd word die kerkverband tweedens ook veel ruimer as die groot en bepalende vergaderings opgevat. Die aandrang om werksaamhede gemeenskaplik te onderneem, en te koördineer, het gevolg gegee aan permanente kommissies, waarvan die voltydse sekretariate kontinuïteit verseker. Daarvolgens is vier of vyf diensterreine geïdentifiseer. Sodoende het die dienswerk van die kerk as geheel netjies in kruike en kannetjies gekom: Ampsbediening en Evangelisasie, Jeug, Diens van Barmhartigheid, Leer en Aktuele Sake en Sending. Dit alles het tereg gekom binne die vaste struktuur van geboue, kantore en 'n ondersteunende korps amptenare en gepaardgaande burokrasie. Uiteraard word dit gefinansier met bydraes wat uit gemeentes in terme van die sinodale heffinge of die pro rata skema verhaal word. Op hierdie wyse laat die Ned. Geref. Kerk sy bediening vanuit die verband waarneem.

So verstaan die Ned. Geref. Kerk homself in terme van die kerkverband as 'n saamgevoegde en korporatiewe eenheidskerk. Dit word die praktiese uitdrukking van die eenheid van die kerk. Hierin word die

kerkverband gevolglik ook teologies gefundeer en gemotifeer. Vir sommige is die kerkverband verbind aan die wese van die kerk, vir ander aan die welwese daarvan. Waar die aksent nou ook al val, word die kerkverband breedweg nie te min tog uit die ekklesiologie gemotiveer.

Hierdie teologiese motivering, en praktiese strukturering van die kerkverband, is met kerkplanting onder die inheemse volke, saamgebring en in werking gestel. Daaroor bestaan geen twyfel nie. Vervolgens dus 'n paar gedagtes oor die kerkverband by die jongkerke.

## 3. 'N SOORTGELYKE VERSTAAN VAN DIE KERKVERBAND BY DIE "SENDINGKERKE"

Lees 'n mens die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke van Afrika, en hoedat soveel sendelinge daaraan help beslag gee het, is dit onmiddellik duidelik dat hulle, wat die organisasie, en die regering van die kerk betref, 'n ewe sentripetale en ekklesiosentriese spoor in die voetpaadjie gelaat het. Daarvan getuig die samestelling, aard en funksies van die rade, konferensies, vergaderings, ringe en sinodes wat so tiperend van die kerklike ontwikkeling in die sendinggebiede was. Binne hulle situasie en konteks, het die sendelinge hierdie begrip van die kerkverband by die Afrika-christene ingeplant, of oorgeplant. Hulle het dit oorgeneem en gevolglik uit 'n algemene en kerksentriese struktuur oor die kerkverband gedink. En, met die finansiële ondersteuning van die sendende kerk kon dit ook prakties ontplooi word. Dienooreenkomstig is die hele Ned. Geref. Kerkfamilie, wat die praktyk van en denke oor die kerkverband betref, op hierdie patroon geknip.

Om kortliks saam te vat. By die Ned. Geref. Kerk en sy familie van kerke is die kerkverband 'n goed gedefinieerde kerklike struktuur wat effektief funksioneer. Die onderliggende kerkbegrip en teologiese motivering sowel as die funksionele aard daarvan is soortgelyk opgebou en geïmplimenteer. Dit loop uit op soveel gemeenskaplike vergaderings, en gesamentlike werksaamhede. Op sy beurt word dit weer gereël deur soveel stelle reglemente, bepalinge en ooreenkomste. Daarmee help sekretarisse, kommissies en moderature. Op die oog af blyk hierdie deurwinterde strukturering 'n deugsame saak te wees wat homself bewys het. Die Kerke het daarmee gegroei en het van daar af uit veel vermag. Hierin kon die kerke hulle self bepaal, en laat geld. Kerkhistories, so word dit in elk geval deur die ter saaklike literatuur voorgestel, 'n goeie en heilsame ontwikkeling. ... Of, was dit nie?



## 4. KRITIESE VRAAGSTELLING BY DIE GANGBARE EKKLESIOLOGIESE BEGRIP EN STRUKTURERING VAN DIE KERKVERBAND

Dit het dus nou tyd geword om erns te maak met die laaste vraag. Die bedoeling van die kritiese vrae aan die ontwikkeling en praktyk van die kerkverband by die Ned. Geref. Kerke is om 'n mens weer te laat dink. Om dit in verband te bring met die konkrete bediening, en die mense wat hierdie bediening deel en ontvang.

Die belangrikste vraag is of die gemeentelike lewe en bediening nie deur die oorhoofse kerkverband-struktuur vervlak het tot die insameling van fondse om die sinodale werksaamhede in stand te hou nie? 'n Verdere vraag is of 'n funksionele en pragmatiese oorweging nie die teologiese oorwoeker nie? Speel die strukturele opvatting van die kerkverband nie in die hand van kerklike selfbehoud en opbou nie? Is dit nie hopeloos te duur nie? Veral vir kerke wat finansieel nie ondersteun word nie? Op die keper beskou is immers 'n duur eerstewêreld kerkstruktuur by kerke wat in 'n derdewêreld ekonomie lewe ingedra en opgebou. Kniehalter die reglemente en bepalinge, wat dikwels in die Afrika-konteks en begrip so vreemd op die oor val, nie die lewe en werk van die plaaslike kerke nie? Wat gedaan met omstandighede waarvoor daar in die reëlings nie voorsiening gemaak is nie. Hoe tree 'n Ring van een Sinodale streek bv in verband met 'n Ring of gemeentes uit 'n ander Sinodale streek? Dieselfde vraag kan ten opsigte van gemeentes gevra word.

Hierdie soort vrae kan vanselfsprekend vermenigvuldig word. Enigeen wat in die praktyk van die sending staan sal nog 'n lang lys hieraan kan toevoeg. Die punt waarop dit aankom, is dat daar na haalbare antwoorde gesoek moet word. Uiteraard sou allerlei vindingryke oplossings en aanpassings in 'n kerkregtelike sin as oorbruggingsmaatreëls ("noodkerkreg") sekerlik uitgedink en beklink kon word. Maar, lê die antwoord daarin? Moet daar nie na 'n ander en dieperliggende teologiese uitgangspunt gesoek moet word nie? Moet 'n mens noodwendig jou denke oor die kerkverband so ekklesiologies laat kondisioneer? Draai dit in die kerkverband om die kerk? Of, is daar ander 'n moontlikheid, 'n moontlikheid wat ten minste die vraagstelling kan ondervang?

Deur die denke oor die kerkverband Christologies in plaas van ekklesiologies te laat bepaal skep na my beskeie mening wel genoeg ruimte om bogenoemde kritiese vraagstelling min of meer te verantwoord. In die volgende paragraaf word dus gefokus op 'n verstaan van die kerkverband vanuit die Heerskap van Christus.

## 5. DIE KERKVERBAND CHRISTOLOGIES GEFUNDEER

Dit is nie 'n vreemde gedagte in die gereformeerde tradisie om in 'n christologiese sin oor die kerkverband te dink nie. Daar was nog altyd diegene wat die kerkverband uit die geskiedenis en werk van Christus begryp het. Hierdie oortuiging is egter telkens in die wiele gery. Die ontwikkeling ten opsigte van die kerkverband, en sy teologiese fundering in die ekklesiologie by die Ned. Geref. Kerke is 'n sprekende bewys hiervan. Natuurlik beteken dit nie dat 'n ekklesiologiese opvatting die Heerskappy van Christus oor die kerk en sy verbande ontken word nie. Of dat Christus glad nie daarin aan die orde kom nie. Die saak waaroor dit gaan is dat die uitgangspunt, die aksentuering, die begrip van die kerkverband kerklik bepaal is. Die vertrekpunt is die kerk, waarby die werk van Christus dan betrek word. Dit is hier, op hiérdie punt, dat 'n aksentverlegging moet plaasvind: van die kerk na die Here van die Kerk. Dit veronderstel 'n wending in ons denke, wat hopelik vir die kerke in Afrika 'n seënryker weg mag open.

Wat word presies bedoel met 'n christologiese opvatting van die kerkverband? Gesien vanuit Christus, is die kerkverband 'n onderlinge leefwyse wat Hy vir die gemeentes moontlik maak. Dit doen Hy, en hou Hy in stand as Heer, as Opperherder, as Hoof van sy Kerk. Lees 'n mens byvoorbeeld Openbaring 1, is dit Christus sélf wat tussen die lampe (gemeentes) beweeg. Hy is die band tussen hulle. Hy realiseer dit tussen hulle as Hy self aan hulle die tug en die evangelie bedien (Open. 2 en 3). En, aan die koms en gaan van die Koninkryk hou. Omdat Christus hulle aan mekaar bind, staan hulle nooit los van mekaar nie. Wat by die een gemeente gebeur, raak Hom, en daarom ook die ander. Hy betrek hulle elkeen in 'n leefwyse, waarin die ander kragtens sy Heerskappy en Regering deel. So gesien, gaan dit in die kerkverband, net soos in die kerk steeds om die Koninklike, Herderlike en Profetiese manier waarop Christus ons teëkom, beskerm en behou. (Vgl. H.K. Sondag 21). Daarom het die kerkverband nie werklik te make met die welwese van die kerk



nie. Dit het te make met Christus, en met die wyse waarop Hy sin en beslag gee aan die kerk se geskiedenis deur Sy Gees en Woord.

Dit is geen wonder dat 'n mens in die res van die Nuwe Testament aanduiding kry van hoedat die vroeë kerk in 'n onderlinge gemeenskap die gemeentelike lewe en belydenis vanuit dit wat die Here van die Kerk moontlik gemaak het, gedeel het nie. In die opdrag hieronder kan dit in enkele tekste nagegaan word.

**OPDRAG**

Bestudeer die volgende tekste en maak kort aantekeninge oor wat u meen daarin gesê word oor die onderlinge verband waarin die kerke met mekaar gelewe het. Bring dit telkens in verband met die wyse waarop Christus die kerk bewaar en versorg.

- Hand. 8: 1 ev., 8:14; 9:32; 11:22 en Gal. 1:22.
- Hand. 15.
- Ef. 1:10; Kol. 1:6, 23, 4:16; 1 Tim. 3:16, 1 Kor. 4:17; 7:17; 14:33,37.
- Hand. 11:27-30, Hand. 24:17; Rom. 15: 25-28; 1 Kor. 16:1 ev; 2 Kor. 8:1 ev.; 2 Kor. 9:1 ev.

Word 'n mens se denke oor die kerkverband en die lewe wat daarin geskep word deur 'n christologies-Skriftuurlike greep gevorm, is dit opeens duidelik waarom 'n ekklesiasentriese ontsluiting van die kerkverband mank gaan aan 'n dinamiese en soepel openheid, wat so kenmerkend is van die lewe wat Christus gee en versorg. 'n Eng ekklesiologiese beredenering speel in die hand van funksionele objektivering van die kerk en kerkverband, dit loop uit op 'n institutêre verstaan van kerk en kerkverband, dit skep 'n strukturele inbeelding van kerk en kerkverband. Vir die kerkverband, as struktuur of instituut, word 'n uitgebreide netwerk van artikels, bepalinge en reglemente benodig om die innerlike en uiterlike lewe te stipuleer.

As kerke dus onderling saamkom, hou hulle nie 'n vergadering nie. Hulle staan in diens van Christus. Daarin beslis die gesag van die Woord, en nie prosedurieële aangeleenthede nie. Die kerkverband is dus nie 'n kerkordelike ooreenkoms nie, nog is dit konfederatiewe wag wat betrek

word by die plaaslike gemeente. Dit is een van die uitdrukkings van die band waarin hulle lewe, 'n band wat Christus gee en waaroor Hy beskik.

### 6. SAMEVATTEND

Uit alles wat tot dusver gesê, en gevra is, behoort dit duidelik te wees dat 'n mens òf ekklesiologies (d.w.s. soos dit in die Ned. Geref. Kerke verstaan word) òf christologies oor die kerkverband kan nadink. Dit behoort ook duidelik te wees waarom 'n ekklesiologiese verdiskontering maklik vir 'n verlegging na 'n funksionele en kerkregtelike strukturering van die kerkverband kan sorg. As 'n mens hierteenoor konfessioneel erns daarmee maak dat die Heerskap van Christus Hom uitstrek oor die kerkverband heen, en dat Hy daaraan beslag gee, kom daar ruimte vir 'n ordelike saamlewe van kerke wat nooit in strukture kan stol nie.

Natuurlik is alles in verband met die christologiese uitgangspunt nie kant en klaar gesê nie. Dit was ook nie my bedoeling nie. Die bedoeling was eintlik om die saak van 'n ander kant af oop te praat. Die inkleding en uitwerk daarvan moet ter plaatse uit die diens van die Woord, gebede en sakramente groei en onder die Koningskap van die Heer gestalte kry. Uit sy hand moet die kerke daar op die verre platteland die onderlinge lewe en samekomste ontvang en waarmaak. Hopelik kon die Skrifstudie en opdrag help om te ontdek dat die kerkverband meer is as 'n jaarlikse vergadering. Dit is deel van die aangrypende en durende lewe wat Christus aan sy kerk gee. Al is sy kerk hoe jonk, hoe arm, hoe "ongeletterd" en hoe afgeleë. Hy het immers bedoel dat hulle ook in die kerkverband moet lewe.



# DIE GEMEENTE EN MISSIONêRE DIAKONAAT

DR. G. VAN DER WATT[1]

Die Ned. Geref. Kerk se sendinggeskiedenis word gekenmerk deur 'n lofwaardige diakonale bydrae op sowel die binne- as buitelandse sendingvelde. Die talle sendingskole, sendinghospitale en allerlei spesiale inrigtings wat tot stand gekom het, is daarvan 'n konkrete getuienis. In die onlangse verlede het hierdie bydrae egter baie afgeneem; dit ten spyte van die toenemende nood en bestaanskrisis in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die vraag is dus: wat behoort die kerk, en daarmee word bedoel die plaaslike gemeente, se bydrae ten opsigte van die missionêre diakonaat te wees?

## 1. WAT IS MISSIONêRE DAIKONAAT?

1.1 'n Klinkklare, allesomvatttende definisie van sending is nie haalbaar of wenslik nie (Bosch 1991:511). In breë trekke kan sending as volg omskryf word:

- Missio Dei: Uit liefde vir die wêreld (Joh. 3:16) het die Vader sy enigste Seun Jesus Christus gestuur om vir die gevalle wêreld omvattende heil te verwerf (Kol. 2:20). Met die belofte van die opgestane Christus se almag en blywende teenwoordigheid (Matt. 28:18-20) en die begeleiding en toerusting van die Heilige Gees (Hand. 1:8), stuur Christus sy versamelde kerk (Mark. 16:15, Luk. 24:47, Joh. 20:21) met die boodskap van omvattende heil na 'n wêreld in nood (1Pet. 2:9-10).
- Visio Dei: Met die oog op die wederkoms en die finale deurbraak van die Koninkryk (Matt. 24:14, Op. 22:17) bly sending, as die omvattende heilsaankondiging, wesenlik deel van die kerk se eskatologiese roeping.
- Acta Dei: As eskatologiese volk van God is die kerk dus instrument in die Missio Dei. Deur middel van die kerk dus instrument in die Missio Dei. Deur middel van die kerk se kerugma, koinonia en diakonia vestig en brei God self sy Koninkryk uit. Die Willingen sendingkonferensie van 1952 het marturia die omvattende begrip gemaak en sending as volg gedefinieer: "This witness is given by proclamation, fellowship and service" (Bosch 1991:512).

---

1 Dr. G. van der Watt, Leraar - Ned. Geref. Kerk, Posbus 11, Paul Roux 9800.